Quo Vadis

No 5/1995

"Die kerkraad besluit om...."

Evangelisering moet ‘n lewenswyse vir die gemeente word. Ons word geroep om in Jesus Christus te glo EN mee te werk in Sy sending om die wêreld met God te versoen.

Gebruik hierdie *Quo Vadis?* só.

Die kerkraad kan oorweeg om die volgende te inisieer:

- Bespreek, na bestuderïng van die "eksperiment Parksig", dié onderwerp in **'n *Kerkraadsvergadering*** om te kom tot 'n eie evangelisasie-aanpak.
- By geleenthede waar ***lidmate* saam*kom*** (bybelstudiegroepe, kleingroepe, wyksbyeenkomste, sustersvergader-ings) kan die inhoud van hierdie *Quo Vadis?* bespreek word
- Gebruik die inhoud van hierdie *Quo Vadis?* vir die ***belydenisklas* se** les oor die Kerk se evangelisasieroeping
- Lidmate kan - vir eie toerusting - tydens persoonlike stiltetyd hierdie uitgawe bestudeer.

In hierdie uitgawe van Quo Vadis? vertel ons die verhaal van die fiktiewe gemeente Parksig waar die Kerkraad besluit het om die gemeente te lei om meer en meer 'n evangeliserende gemeente te wees...

Die verhaal begin met die rapport van Parksig se Evangelisasiekommissie…

Punt 6:

Van ons oproep aan die gemeente om kontakadresse het wemig gekom.

Bevinding:
Evangelisasie lewe nie in die gemeente nie. Soos dit tans funksioneer is evangelisasie die stokperdjie van enkelinge (die Kommissie).

Aanbeveling: _____

_____

_____

Wat sou u by die Kerkraad aanbeveel?

Die notule van die Kerkraad toon die volgende besluit…

Besluit:

Na indringende bespreking het die Kerkrtaad besluit om deur middel van ’n vraelys ondersoek in te stel met tweeërlei doel:

1. Watter beeld vertoon die gemeente self?
2. Watter gesindhede en opvattings lewe by lidmate?

Die Kerkraad
Parksig

Vraelys

I. Persoonlike Inligting

U hoef nie u naam in te vul nie, maar beantwoording van hierdie afdeling sal ons help om u antwoorde beter te evalueer.

a. Ouderdom

- ☐ 16-21
- ☐ 22-30
- ☐ 31-40
- ☐ 41-60
- ☐ 60-bo

b. Ek het in ’n leiersrol gedien

- ☐ Dikwels
- ☐ Soms
- ☐ Nog nie

c. Ek woon getrou by

- ☐ Oggend erediens
- ☐ Aand erediens
- ☐ Een bykomende Kerklike aktiwiteit In die week

II. Die beeld van die gemeente

Eredienste

	Nooit				Altyd
1. Blydskap en feestelikheid kenmerk ons eredienste	1	2	3	4	5
2. Besoekers uit gemeenskap woon eredienste by	1	2	3	4	5
3. 'n Nie-Gereformeerde sal tuis voel in die diens	1	2	3	4	5
4. Ek beleef God as werklik in die diens	1	2	3	4	5
5. Gebede spieël die behoeftes van al die teenwoordiges	1	2	3	4	5
6. Gemeentesang sal buitestaanders inspireer	1	2	3	4	5
7. Kinders geniet ons eredienste	1	2	3	4	5
8. Daar word gebid vir ongelowiges en afvalliges	1	2	3	4	5

Prediking

	Nooit				Altyd
9. Die taal is verstaanbaar vir die mens op die straat	1	2	3	4	5
10. Die Christelikc geloof word voorgestel as ïets prakties	1	2	3	4	5
11. Ons word só aangespreek dat ons moet antwoord	1	2	3	4	5
12. Nie-Christene hoor en verstaan die Evangelie	1	2	3	4	5
13. Prediking is boeiend en behou die aandag	1	2	3	4	5
14. Prediking roep ons tot getuienis	1	2	3	4	5

Geloofsgemeenskap

	Nooit				Altyd
15. Ons gemeente is vriendelik en warm	1	2	3	4	5
16. Besoekers word hartlik ontvang	1	2	3	4	5
17. Ons werk hard om lou lidmate tot betrokkenheid te bring	1	2	3	4	5
18. Lidmate praat vrymoedig met mekaar oor Christus	1	2	3	4	5
19. Lidmate kom in kleingroepe bymekaar	1	2	3	4	5
20. Ons staan bekend as 'n vriendelike en hulpvaardige kerk	1	2	3	4	5
21. Nuwe bekeerlinge word deeglik in die gemeente ingelyf	1	2	3	4	5

Leiding

	Nooit				Altyd
22.Die kerkraad gee leiding om besoekers te verwelkom	1	2	3	4	5
23.Die kerkraad is sensitief vir behoeftes in die omgewing	1	2	3	4	5
24.Die predikant is 'n voorbeeld in kommer oor ongelowiges	1	2	3	4	5
25.Ek bespreek my probleme vrymoedig met die dominee	1	2	3	4	5
26.My ouderling praat op huisbesoek oor evangelisasie	1	2	3	4	5
27.Die predikant is redelik beskikbaar wanneer benodig	1	2	3	4	5

Evaluering

Hoe het ons gemeente gevaar?

Tel al die syfers bymekaar….

Swak	26-50
Goed	51-85
Uitstekend	86 en meer

III. Evangelisering Persoonlik

Uitdra van Evangelie

	Nooit				Altyd
28. Ek het kontak met buite-kerklikes/ongelowiges	1	2	3	4	5
29. Ek nooi ander om credienste by te woon	1	2	3	4	5
30. Ek doen moeite om besoekers te laat tuis voel	1	2	3	4	5
31. Ek praat met buite-kerklikes oor Christus en geloofsake	1	2	3	4	5
32. Ek is betrokke by die uitdra van die evangelie	1	2	3	4	5
33. Ek sukkel om mense se kritiese vrae te beantwoord	1	2	3	4	5
34. Ek bid gereeld vir ongelowiges	1	2	3	4	5

Dienshulp

	Nooit				Altyd
35. Ek is retrokke by siekebesoek	1	2	3	4	5
36. Ek help armes en bedelaars	1	2	3	4	5
37. Ek reik troostend en bemoedigend uit na ander	1	2	3	4	5
38. Ek en my gesin toon gasvryheid	1	2	3	4	5

Dankie vir u samewerking!

<u>Evaluering</u>

Hoe het ons gemeente gevaar?

Tel al die syfers bymekaar….

Swak	11-25
Goed	26-40
Uitstekend	41 en meer

Slegs 70 % van Parksig se lidmate het die Vraelys beantwoord.

Na verwerking van die antwoorde is 'n rapport opgestel en aan elke lidmaat gestuur

'n Gemeentevergadering is belê om die rapport te bespreek…

Tydens die Gemeentevergadering is jy op ‘n kommissie benoem om die belangrikste leemtes en swakhede van die gemeente te identifiseer. Jy rapporteer soos volg aan die kerkraad…

Evangeliserende gemeente

Rapport: Leemtes en swakhede m.b.t. evangelisering:

Die kommissie het tot die oortuiging gekom dat die volgende vier sake die belangrikste leemtes en swakhede m.b.t. evangelisering in ons gemeente is:

1. _____

2. _____

3. _____

4. _____

Besluit:
Die Kerkraad aanvaar sy verantwoordelikheid om:

1. Die gemeente op te roep tot volgehoue studie en bepeinsing van God se Woord, en
2. Leiding in hierdie verband te gee.

Motivering:
Die Kerkraad het tot die oortuiging gekom dat die gemeente nooit sy evangeliseringsroeping ernstig sal aanpak nie, alvorens die lidmate eers vertroue in die waarheid en krag van die evangelie ontdek en weer daaroor opgewonde begin raak.

In die volgende maande is Parksig intensief met die Woord bedien.

Onder andere is die volgende Bybelstudieriglyn in die gemeente versprei as voorbereiding vir huisbesoek….

2 Timoteus 1:6-14

6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het
toe ek jou die hande opgelê het, soos ‘n vuur weer moet aanblaas.
7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met
krag en liefde en selfbeheersing.
8 Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook
nie skaam vir my wat om sy ontwil ‘n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die
ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee.
9 Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie
op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van
ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het.
10 Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus
Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike
lewe aan die lig gebring.
11 Van hierdie evangelie het Hy my aangestel as prediker en apostel en leraar.
12 Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek
vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot
op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.
13 Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld van gesonde verkondiging en
volg dit na in die geloof en liefde wat ons in Christus Jesus het.
14 Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon.

Werk die riglyne self deur …..

Ek, die evangelie en ander...

- In 25 woorde of minder, wat is die evangelie? (Skryf dit neer)

  _____

  _____

  _____

- Hoe dikwels het jy vrymoedigheid om oor die evangelie te praat met...

		Nooit				Altyd
✓	'n Naby familielid	1	2	3	4	5
✓	Jou baas	1	2	3	4	5
✓	Jou posbode	1	2	3	4	5
✓	'n Vreemdeling op die vliegtuig	1	2	3	4	5
✓	Jou beste vriend	1	2	3	4	5

Wees eerlik met jouself: *Hoe gemotiveerd is ek om te evangeliseer?*

- Bestudeer nou ***2 Tim. 1:6-14*** noukeung. Die volgende vrae kan jou gedagtes prikkel:

  - Paulus skrywe sy laaste brief aan Timoteus. Watter sake het hy op die hart in hierdie gedeelte?
  - Vertel van wat die Heilige Gees in jou werk (7,8).
  - Geoordeel aan hierdie gedeelte, wat is die evangelie (9, 10)?
  - Paulus herinner Timoteus nie net aan die krag van die evangelie nie, maar ook aan die inhoud daarvan. Wanneer moet ons, as Christene, herinner word aan die ïnhoud van die evangelie wat ons bely?
  - Paulus waarsku Timoteus twee maal om hom nie te skaam nie. Waarom dink jy was dit vir hom belangrik?
  - Watter offers moet vandag gebring word sodat die evangelie verder kan gaan?
  - Watter dinge maak dit vir ons moeilik om die evangelie na ander te bring?
  - In vers 12 verbind Paulus skynbaar lyde en en skaam-wees - dat hulle wat ly van nature skaam voel - en dan ontken hy dat so 'n verbinding reg is. Op watter wyse het jy al die versoeiking ervaar om aan skaamtegevoelens toe te gee?
  - In vers 12 sê Paulus dat hy nie afgesknk word nie want *ek weel op wie ek vcrtrou...* Hoe help dit Paulus in sy strewe om die evangelie te verkondig?
  - **Hoe kan hierdie verse jou help om met vrymoedigheid die evangelie aan ander te bring?**

Lees gerus ook nog ander Skrijgedeeltes: Ps. 67; Ps. 98; Jes. 49:1-6; Mat. 28:16-20; Joh. 12:20-33; Hd. 8:26-39; Hd. 16:25-34; Rom. 1:16-25; Rom. 15:4-13

Oor ‘n tydperk van nege maande is in Parksig gereeld gepreek oor ons evangelisasie roeping en het dit in die huisbesoek ter sprake gekom.

Toe het die Kerkraad weer tot ‘n besluit gekom…

<u>Evangeliserende gemeente</u>

<u>Besluit:</u>
Die Kerkraad besluit om met die gemeente tot 'n openlike getuiende lewe te kom.

Die Kerkraad stuur toe die volgende brief aan al 400 lidmate in die gemeente ….

Geagte lidmaat

God het ons die afgelope tyd deur sy Woord onder die indruk daarvan gebring dat elkeen van ons as individu, maar ook ons gemeente in geheel, in 'n evangeliserende lewensvvyse behoort te groei.

Ons verneem graag hoe u oor die volgende vrae dink:

- Stem u saam dat Christus se bevel om alle volke tot Sy dissipels te maak, ook hulle geld wat in ons omgewing van Christus vervreem geraak het?
- En dat ons as sout van die aarde vir hulle aanspreeklik is?
- Is u bereid om 'n gedeelte van u tyd te gebruik om 'n van-die-Kerk-vervreemde-gesin (byvoorbeeld u bure, 'n kollega, kennisse of 'n adres wat ons aan u sal verskaf) deur vriendskap en gesprek in aanraking met die evangelie te bring?

Hoe sal jy hierdie kerkraadskrywe beantwoord? ….

Van die 400 lidmate is ongeveer 230 reaksies teruggekry en 70 lidmate het aangedui dat hulle sal meewerk.

‘n Kerkraadskommissie is aangestel om <u>riglyne</u> aan die 70 deelnemers te verskaf …

Jy dien op hierdie Kerkraadskommissie. Watter konkrete riglyne sal jy voorstel ten opsigte van:

1. *Eie geestelike lewe van werkers?*
2. *Hulle gesindheid?*
3. *Wyse van kontak met buite-kerklikes?*

Die Kerkraad was realisties genoeg om te weet dat alle aktiwiteite weer doodloop as daar nie georganiseerde begeleiding by is nie.

Tien ouderlinge het die verantwoordelikheid aanvaar om hierdie begeleiding te versorg, en enkele weke na die uitstuur von die "Riglyne" is opnuut 'n brief aan die deelnemers gestuur met sekere vrae.

Gestel u is een van die 70 deelnemers. Beantwoord die brief se vrae….

1. Watter probleme ondervind u in u kontak met u van-die-kerk-vervreemde-gesin? (Noem 5 moontlike probleemaspekte wat kan opduik).
2. Hoe dink u dat ons u daarin kan help?
3. Watter lektuur sou u graag wil ontvang?

In die daaropvolgende tien weke het die tien ouderlinge alle deelnemers besoek. Persoonlike kontak was immers nodig, naamlik om teleurstellings op te vang, verslapping soveel moontlik teen te werk, te stimuleer, kortom met raad en daad reëlmatig aanwesig te wees.

Met 70 deelnemers is die doel nog nie bereik nie, naamlik 'n EVANGELISERENDE GEMEENTE! 'n Paar entoesiastiese deelnemers het spontaan ander lidmate probeer werf.

Noem argumente wat jy sal gebruik om 'n onbetrokke lidmaat te motiveer om self evangeliserend te begin dink en lewe ….

Die Kerkraad gee op sy volgende vergadering weer die pas aan op pad na ‘n evangeliserende gemeente...

<u>Die beeld van die gemeente-lewe deur die bril van evangelisasie</u>

<u>Besluit:</u>

Die Kerkraad besluit om na alle aspekte van die gemeentelike lewe deur die bril van evangelisasie te kyk. Verskillende taakgroepe word aangewys: Kerkgebou, Ontvangs van besoekers, Ons Erediens se kommunikasie met besoekers, Nasorgplan en Benutting van kleingroepe vir evangelisasie.

Hierdie taakgroepe moet by die volgende gemeentevergadering verslag lewer.

Jy is deel van die Ons Erediens se kommunikasie met besoekers taakgroep
Jy word gevra om die gemeentelike kontakblaadjie te beoordeel. (Neem ten minste 3 uitgawes van jou gemeente se nuusblaadjie vir jou beoordeling!)

1. *Wat sê die buiteblad van u kerk?*
   (Geboue moet nooit op omslae kom me. Mense is die kerk, nie geboue nie.)
2. *Is die liturgiese orde afgedruk en vir oningewydes maklik om te volg?*
   (Word bladsynommers vir Skriflesing en formuliere ingesluit? 'n Standaard liturgie op agterblad help besoekers nie - kommunikeer ook dat geen afwykinge verwag word nie)
3. *Spreek die afkondigings slegs tot lidmate wat al lank in die gemeente woon?*
   (As Woensdag se Bybelstudie aangekondig word sonder tyd/plek/telefoonnommer/Skrifgedeelte word nuwe-linge outomaties uitgesluit.)
4. *Spel die kontakblaadjie dit duidelik uit dat die predikant nie-Christene uitnooi om geloofsake met hom te kom bespreek?*
5. *Is daar enige woorde of frases In hierdie 3 blaadjies -of in die liturgieafdeling of by die afkondigings - wat vir 'n besoeker niksseggend sal wees?*
   (Watter woorde en vir watter soort besoekers? Hoe kan hulle gewysig word om meer effektief te kommunikeer?)
6. *As die Nagmaal gevier of die Doop bedien word, is die wyse en sin van bediening duidelik beskrywe?*

Die jongste gebeure by Parksig was die hou von 'n tweede gemeentevergadering om terugvoer van die taakgroepe te kry. Uit die lewendige bespreking wat gevoer is, het dit duidelik geword dat Parksig besig is om te groei in 'n evangeliserende gesindheid...

- Iemand het voorgestel dat ons gedrukte materiaal nodig het oor ons gemeente om aan besoekers saam te gee.
- Sterk stemme het opgegaan vir 'n manier van doen waarin persoonlike kontak tussen die lidmate en besoekers bewerk kan word.
- Ander het gepraat van 'n opvolgbrief of 'n besoek aan elke besoeker.
- Iemand het gepleit vir 'n goeie prosedure om die name en adresse van besoekers te bekom.
- Daar is verder bespreek hoe die eredienste meer besoekers-vriendelik ingerig kan word.
- Iemand het gevra watter faktore dan daartoe bygedra het dat daar soveel nuwe bekeerlinge by die eerste gemeente in Jerusalem gevoeg is. Sy het die gemeente aangemoedig om weer die boek Handelinge deeglik te bestudeer.
- 'n Wyse lidmaat het gepraat oor die veranderinge wat 'n evangeliserende aanpak in ons gemeente gaan meebring. Hy het gewaarsku dat baie lidmate se vrees vir verandering aangespreek sal moet word.

Soos nou al die gebruik by Parksig geword het, word by die gemeentevergadering weer werk uitgedeel...

Jy is gekies om ‘n rapport aan die Kerkraad te skryf. Hierin moet ‘n werkbare prosedure uitgewerk word wat as ‘n uitgewerk word wat as ‘n effektiewe opvolgprogram in Parksig se voortgesette groei na ‘n evangeliserende gemeente sal kan dien.

Wat sal jy – in die lig van die bespreking – aanbeveel?

Voorstel van ‘n werkbare prosedure vir effektiewe opvolgprogram:

1. Na aanleiding van Hand 2-6 stel ons voor dat Parksig daarna streef om die volgende beeld as evangeliserende gemeente te toon

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

2. Die volgende word voorgestel om die gemeente daarheen te lei om meer en meer hierdie beeld te vertoon

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

   _____

Parksig spiraalgroei na ‘n evangeliserende gemeente



Is ons gemeente ryp vir ‘n aanpak soos dié van Parksig?

Hoe beoordeel jy Parksig se kerkraad se optrede:

- *Wat het hulle goed gedoen?*
- *Wat het hulle verkeerd gedoen?*
- *Wat moet nog gedoen word om tot ‘n evangeliserende gemeente te kom?*

Watter getuienis gaan daar van jou lewe uit na jou omgewing?